



HOËRSKOOL SWELLENDAM HIGH SCHOOL

Tel: 028 – 514 1361 Faks/Fax: 028 – 514 1329 E-pos/E-mail: swellies@telkomsa.net

Opgedateer: Augustus 2017

Algemeen:

1. Enige leerling wat 'n selfoon skool toe bring moet gebruik maak van die selfoon-sluitkassies. Geen slimfone / tablette word tydens skoolure toegelaat nie.
2. 'n Sluitkassie word gehuur teen R60 per jaar en 'n maksimum van 2 leerlinge mag 'n kassie deel. (Geen voorsiening word gemaak vir tablette nie.) Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir geskille wat mag ontstaan tussen partye wat sluitkassies deel nie.
3. Die R60 kan in drie paaiemente van R20 betaal word in die eerste week van die 1ste, 2de en 3de kwartaal. (Indien dit gedeel word is dit R10 x 3 keer per persoon.)
4. Slegs een sleutel word aan die betrokke leerling wat die ooreenkoms teken oorhandig.
5. Die betrokke leerling aanvaar verantwoordelikheid vir die sleutel en die kassie.
6. Geen duplikaat mag onder enige omstandighede van die sleutel gemaak word nie.
7. Indien 'n sleutel wegraak sal die leerling 'n bedrag van R50 moet betaal om die slot te vervang.
8. Die Wet op Deursoeking geld ook vir die Selfoonsluitkassies.
9. Hoërskool Swellendam aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige selfone nie.

Gebruik:

1. In die oggend voor skool, moet die selfoon reeds in die kassie geplaas word, net nadat die leerling by die skool aankom. Geen selfone mag na 07:30 nog gebêre word nie.
2. Niemand mag onder enige omstandighede tydens normale skoolure hulle kassie oopmaak om iets weg te sit of uit te haal nie. Geen selfone mag tydens pouses gebruik word nie.
3. Indien 'n opvoeder verlang dat leerders hul selfone, gedurende klastyd moet gebruik, moet daar eers toestemming by die skoolhoof verkry word. Die skoolhoof en vakonderwyser sal dan die nodige reëlings tref en deurgee aan die personeel, sodat almal kennis dra van die reëling.
4. In die geval van 'n noodgeval/oortreding moet die voorval by die Departementshoof vir dissipline aangemeld word.

Indien 'n leerder sy selfoon by hom/haar het tydens skoolure, 07:30 tot 14:00, word die selfoon afgeneem en in die kluis gebêre. Slegs ouers mag die selfoon kom afhaal en 'n hanteringsfooi van R60 moet betaal word. 'n Leerder ontvang ook onmiddelik 20 negatiewe punte.

Indien 'n leerder herhaaldelik die oortreding begaan, word die graad 1 oortreding 'n graad 2 oortreding. Die oortredings word dan volgens die gedragskode hanteer.

5. Slegs aan die einde van 'n normale skooldag mag 'n leerling die kassie gebruik om die selfoon weer uit te haal.